



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

# GESKIEDENIS V1

**NOVEMBER 2012**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 32 bladsye.**

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende Leeruitkomste en Assesseringstandaarde sal in hierdie vraestel geassesseer word:

| LEERUITKOMSTE | ASSESSERINGSTANDAARDE<br><br>LEERDERS KAN DIE VOLGENDE DOEN: |
|---|---|
| **Leeruitkoms 1**<br><br>**(Geskiedkundige ondersoek)** | 1. Formuleer vrae om begrippe vir ondersoek binne die konteks van dit wat bestudeer word, te ontleed. **(Nie vir eksamendoeleindes nie.)**<br><br>2. Verkry toegang tot 'n verskeidenheid toepaslike inligtingsbronne om ondersoek te doen. **(Nie vir eksamendoeleindes nie.)**<br><br>3. Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne.<br><br>4. Bestudeer inligtingsbronne en evalueer die nut van die bronne vir die taak, met inbegrip van stereotipes, subjektiwiteit en gapings in die beskikbare getuienis. |
| **Leeruitkoms 2**<br><br>**(Geskiedkundige begrippe)** | 1. Ontleed geskiedkundige begrippe as maatskaplike boustene.<br><br>2. Ondersoek en verduidelik die dinamika van veranderende magsverhoudinge binne die samelewings wat bestudeer word.<br><br>3. Vergelyk en kontrasteer die interpretasies en sieninge van gebeure, mense se optrede en veranderings om sodoende onafhanklike gevolgtrekkings te maak oor die optrede of gebeure. |
| **Leeruitkoms 3**<br><br>**(Vertolking van kennis en kommunikasie)** | 1. Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistiek omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings wat uit die data blyk krities.<br><br>2. Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument saam te stel met behulp van bewyse uit bronne om die argument te steun.<br><br>3. Handhaaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met behulp van getuienis wat verskaf word en onafhanklik verkry word.<br><br>4. Dra kennis en begrip op verskillende maniere oor, insluitend besprekings (geskrewe en mondelings) debat, skep van 'n historiese skryfstuk deur die gebruik van verskillende genres, navorsingsopdragte, visuele voorstellings en mondelinge aanbiedings. |

## 1.2 Die volgende vlakke vrae word gebruik om brongebaseerde vrae te assesseer:

| VLAKKE VAN BRONGEBASEERDE VRAE | |
|---|---|
| **VLAK 1 (V1)** | • Onttrek toepaslike inligting en data uit die bronne.<br>• Organiseer die inligting logies.<br>• Verduidelik geskiedkundige begrippe. |
| **VLAK 2 (V2)** | • Kategoriseer geskikte of toepaslike inligtingsbronne wat verskaf word om die vrae wat geopper word, te beantwoord.<br>• Ontleed die inligting en data wat uit 'n verskeidenheid bronne versamel is.<br>• Evalueer die inligtingsbronne wat verskaf word om te besluit of die bronne geskik is vir die taak. |
| **VLAK 3 (V3)** | • Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne.<br>• Ondersoek inligtingsbronne en evalueer die nut van die bronne vir die taak, met inagneming van stereotipes, subjektiwiteit en gapings in die beskikbare getuienis.<br>• Ontleed geskiedkundige voorstellings as maatskaplike konstruksies.<br>• Ondersoek en verduidelik die dinamiek van veranderende magsverhoudings binne die aspekte van samelewings wat bestudeer word.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en sienings van mense se optrede of gebeure en veranderings om onafhanklike gevolgtrekkings te maak oor die optrede of gebeure.<br>• Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistieke dalk omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings wat uit die data blyk krities. |

## 1.3 Die volgende tabel dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van alle brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- By die toekenning van punte moet aandag gegee word in hoe 'n mate daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- By die nasienriglyne word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

## 2. UITGEBREIDE SKRYFWERK

### 2.1 Die uitgebreide skryfwerk fokus op een van die volgende vlakke:

| VLAK VAN VRAAG |
|---|
| **Vlak 1**<br>• Bespreek of beskryf volgens 'n gegewe argument wat in die uitgebreide skryfwerk-vraag uiteengesit word.<br>• Beplan en konstrueer 'n argument op grond van getuienis en gebruik die getuienis om 'n slotsom te bereik. |
| **Vlak 2**<br>• Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument te bou en gebruik getuienis om die argument te steun.<br>• Staaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met getuienis.<br>• Skryf duidelik en samehangend wanneer jy die argument saamstel. |

### 2.2 Nasien van uitgebreide skryfwerk

**NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEKE WAT BY 'N SPESIFIEKE SENTRUM GEBRUIK IS.**
**KANDIDATE MAG ENIGE ANDER TOEPASLIKE INLEIDING EN/OF SAMEVATTING HÊ AS DIT WAT INGESLUIT IS BY 'N RIGLYN VIR NASIEN VAN 'N SPESIFIEKE OPSTEL.**
**BY DIE ASSESSERING VAN DIE OOP BRONGEBASEERDE VRAE MOET KANDIDATE KREDIET KRY VIR ENIGE ANDER RELEVANTE ANTWOORD.**

### Globale assessering van uitgebreide skryfwerk

Die uitgebreide skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die opvoeder die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n hoë punt te behaal nie. Dit sal leerders ook ontmoedig om 'modelantwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet vir leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag

**Assesseringsprosedures by uitgebreide skryfwerk**

1. Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2. Tydens die eerste deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt (bullet) in die nasienriglyne), vir elke hoofmoment (aangedui met 'n kolpunt), 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt), bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

3. Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie — ∧
- Verkeerde stelling — ____________
- Irrelevante stelling — |<br>|<br>|<br>|
- Herhaling — **R**
- Analise — **A**√
- Interpretasie — 1√

4. Die matriks

4.1 **Die gebruik van 'n analitiese matriks vir die assessering van uitgebreide skryfwerk (verwys na bl. 7)**

By die nasien van uitgebreide skryfwerk met verwysing na bl. 7, moet die gegewe kriteria in die matriks gebruik word. Beide die inhoud en die aanbieding moet in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

4.1.1 Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

4.1.2 Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 5 | |

4.1.3 Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | } 18-19 |
| A | VLAK 5 | |

4.2 **Gebruik van holistiese rubriek vir nasien van uitgebreide skryfwerk (verwys na bl. 7)**

Die gegewe rubriek wat inhoud en aanbieding in ag neem, moet gebruik word by die nasien van uitgebreide skryfwerk.

| | | |
|---|---|---|
| I en A | VLAK 5 | 18 - 20 |

## GRAAD 12 ANALITIESE MATRIKS VIR UITGEBREIDE SKRYFWERK: PUNTETOTAAL: 30

| **AANBIEDING**<br><br>**INHOUD** | **VLAK 7**<br>Baie goed beplan en gestruktureer. Goeie sintese van inligting. Goed gebalanseerde argument is ontwikkel. Argument deurgaans volgehou en verdedig. | **VLAK 6**<br>Goed beplan en gestruktureer. Sintese van inligting. Goed gebalanseerde oorspronklike, onafhanklike argument ontwikkel. Gebruik getuienis om die argument te ondersteun. | **VLAK 5**<br>Goed beplan en gestruktureer. Ontwikkel duidelike argument. Oorspronklike slotsom bereik op grond van getuienis. Getuienis gebruik om argument te ondersteun. Kom tot onafhanklike slotsom. Gebruik getuienis om gevolgtrekking te ondersteun. | **VLAK 4**<br>Argument beplan en gestruktureer. Getuienis gebruik om argument te ondersteun. Slotsom op grond van getuienis Skryfwerk gestruktureerd | **VLAK 3**<br>Argument beplan en gestruktureer. Sommige getuienis gebruik om argument te ondersteun. Slotsom nie duidelik ondersteun deur getuienis nie. | **VLAK 2**<br>Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend/ poging om argument te ontwikkel. | **VLAK 1**<br>Min sprake van analise en geskiedkundige verduideliking. Antwoord glad nie gestruktureerd nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7**<br>Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudseleksie ten volle relevant tot gedagterigting/ argument wat gevolg is. | 27-30 | 24-26 | | | | | |
| **VLAK 6**<br>Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot gedagterigting/ argument wat gevolg is | 24-26 | 23 | 21-22 | | | | |
| **VLAK 5**<br>Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | | 21-22 | 20 | 18-19 | | | |
| **VLAK 4**<br>Vraag herkenbaar in antwoord. Gebreke ten opsigte van inhoud/ irrelevante inhoudseleksie. | | | 18-19 | 17 | 15-16 | | |
| **VLAK 3**<br>Inhoudseleksie hou nie altyd verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 15-16 | 14 | 12-13 | |
| **VLAK 2**<br>Inhoud skraal. Vraag ontoereikend beantwoord. | | | | | 12-13 | 11 | 9-10 |
| **VLAK 1**<br>Vraag nie beantwoord nie. Inhoud ontoereikend. Heeltemal irrelevant. | | | | | | 9-10 | 0-8 |

# GRAAD 12 HOLISTIESE MATRIKS OM UITGEBREIDE SKRYFWERK TE ASSESSEER (BV. 'N OPSTEL WAT VERWYS NA BRONNE, VERSLAG, NUUSBERIG, ENS.)

| VLAK | Indien die kandidaat **alle of die meeste van die vaardighede op 'n spesifieke vlak gedemonstreer het, sal die punt relevant tot die kategorie aan hom/haar toegeken word.** |
|---|---|
| **7**<br>**Uitstekend**<br>**80–100%**<br>**24–30**<br>**[Uitstekend]** | Fokus deurgaans op onderwerp – demonstreer 'n logiese en samehangende progressie tot slotsom<br>Duidelike begrip van die bronne<br>Gebruik alle bronne of die meeste daarvan<br>Selekteer relevante bronne<br>Haal selektief aan<br>Groepeer bronne (nie noodsaaklik nie, maar behoort nie 'n lys bronne neer te skryf nie)<br>Demonstreer agtergrondkennis oor die bronne<br>Waar van pas, word teenargumente volledig bespreek<br>Verwys korrek na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid, beperkings van bronne<br>Druk hom-/haarself duidelik uit<br>Eindig met duidelike fokus op die onderwerp – neem standpunt in (m.a.w. bereik 'n onafhanklike/oorspronklike slotsom) |
| **6**<br>**Verdienstelik**<br>**70–79%**<br>**21–23**<br>**[Baie goed]** | Wend goeie poging aan om konsekwent te fokus op onderwerp, maar argument verloor soms fokus<br>Duidelike begrip van die bronne<br>Gebruik alle bronne of die meeste daarvan<br>Selekteer relevante bronne<br>Haal selektief aan<br>Goeie gebruik van relevante bewyse uit bronne<br>Poog om teenargument te oorweeg<br>Poog om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne<br>Goeie uitdrukking<br>Eindig met duidelike fokus op die onderwerp – neem standpunt in (m.a.w. bereik 'n onafhanklike/ oorspronklike slotsom) |
| **5**<br>**Substantief**<br>**60–69%**<br>**18–20**<br>**[Goed]** | Poog om te fokus op die onderwerp, maar argument het tekortkominge<br>Begryp die meeste van die bronne<br>Gebruik die meeste van die bronne<br>Selekteer relevante bronne<br>Uitdrukking goed, maar daar is foute<br>Tekort aan diepte in oorhoofse fokus, en verwys nie na een of meer relevante bronne nie<br>As toepaslik, poog om teenargument te oorweeg.<br>Oppervlakkig of geen poging om 'n relevansie, vooroordeel, akkuraatheid, beperktheid van bronne te verwys nie<br>Poog om standpunt in te neem (fokus op beperkings, ens.) om onafhanklike gevolgtrekking te maak. |
| **4**<br>**Gemiddeld**<br>**50–59%**<br>**15–17**<br>**[Bevredigend]** | Poog om op onderwerp te fokus, maar argument verloor dikwels fokus<br>Gemiddelde begrip van die meeste van die bronne<br>Gemiddelde gebruik van relevante getuienis uit die bronne<br>Gemiddelde poging om teenargument te oorweeg<br>Gemiddelde poging om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne<br>Uitdrukking bevredigend<br>Wend poging aan om standpunt in te neem, maar ernstige gebrek aan skakel met res van opstel<br>Skryfwerk mag neig om bronne te lys en fokus daaraan te haak |
| **3**<br>**Toereikend**<br>**40–49%**<br>**12–14**<br>**[Redelik]** | Geringe poging om te fokus op die onderwerp<br>Min begrip van die bronne<br>Sukkel om relevante inligting uit die bronne te lig<br>Geen aanhalings nie – of oor die algemeen irrelevant<br>Wend geringe poging aan om teenargumente te oorweeg<br>Bronne word gelys<br>Poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie<br>Geringe uitdrukking<br>Geringe poging om standpunt in te neem (sukkel om tot 'n onafhanklike slotsom te kom) |
| **2**<br>**Elementêr**<br>**30-39%**<br>**09–11**<br>**[Swak]** | Kan nie op onderwerp fokus nie<br>Kan nie relevante bronne identifiseer nie<br>Geen aanhalings nie – of meestal irrelevant<br>Poog glad nie om teenargument te oorweeg nie<br>Skryfwerk bloot 'n lys van bronne<br>Poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie<br>Baie swak uitdrukking<br>Swak poging om standpunt in te neem, indien enige |
| **1**<br>**Nie behaal nie**<br>**0–29%**<br>**0–8**<br>**[Baie swak]** | Geen poging om op die onderwerp te fokus nie<br>Maak glad nie gebruik van bronne nie<br>Heeltemal irrelevant<br>Skryf bron direk oor<br>Antwoord uiters swak |

**VRAAG 1: HOE HET DIE VSA EN DIE USSR TOT KOUE OORLOG-SPANNING IN KUBA BYGEDRA?**

1.1

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1 – LU1 (AS3)]*
- Om die sosialistiese lande
- USSR-grense (Turkye en Italië) (2 x 1) (2)

1.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron1A – V2 – LU1 (AS3); LU2 (AS2)]*
- VS verwerp voorstelle om Amerikaanse basisse op buitelandse grond te verwyder
- USSR het bedreig gevoel deur VS-missiele wat naby Russiese satelliet-terreine in Europa bv. Turkye geplaas is
- Verdediging van Kuba
- Brei die invloedsfeer uit
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.3 *[Evalueer eensydigheid in Bron 1A – V3 – LU1 (AS3 en 4)]*
**Kandidate moet bewys tot watter mate die bron EENSYDIG of NIE-EENSYDIG is nie. Kandidate moet die volgende aspekte gebruik om hulle standpunt te staaf:**

**EENSYDIG**
- Geskryf deur die Sowjetunie se Sekretaris van Buitelandse sake – Andre Gromyko
- Wou die VSA diskrediteer
- 'n Set om kommunistiese ideologie uit te brei
- Regverdig die ontplooiing van missiele in Kuba
- Maak nie voorsiening vir VS se redes vir optrede teen Kuba
- Enige ander relevante antwoord

**NIE EENSYDIG**
- Sekretaris van Buitelandse Sake lewer verslag oor feite
- Het inligting gegee oor VS- militêre basisse naby Sowjet-satellietstate
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 3) (3)

1.1.4 *[Bekragtig die regverdiging van bewyse uit Bron 1A – V3– LO1 (AS3 en 4); LU2 (AS2)]*
**Kandidate moet aandui of Castro GEREGVERDIG of NIE GEREGVERDIG was. Kandidate behoort die volgende aspekte te gebruik om hulle standpunt te ondersteun:**

**GEREGVERDIG**
- Wou beskerming hê teen die inmenging van die VSA in Kuba
- Wou aan die VSA bewys dat hy magtige vriende gehad het soos die USSR
- Wou Kuba teen Amerikaanse inval of inmenging in huishoudelike sake beskerm/ Kuba was militêr swak
- Enige ander relevante antwoord

**NIE GEREGVERDIG**
- Dit was 'n oorlogspoging
- Het die kernwapenwedloop/Koue Oorlog-spanning versterk
- Het die invloed van die Sowjetsfeer in die VSA en die Karibiese eilande vergroot en lei tot die verspreiding van kommunisme
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron1A – V2 – LU1(AS3); LU2 (AS2)]*
- VSA se inval in Kuba
- Verhoogde spanning tussen die VSA en die USSR (2 x 1) (2)

1.2
1.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron1B – V2 – LU1 (AS3); LU2 (AS2)]*
- Blokkade van Kuba deur die VSA
- Kennedy is gereed om die USSR te konfronteer
- Die ontplooiing van missiele
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron1B – V3 – LU1(AS3); LU2 (AS2)]*
- Kennedy was gereed vir oorlog teen die Sowjetunie
- Kennedy was 'n kragtige leier
- Kennedy was voorbereid om die VSA teen die Sowjetunie te verdedig
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron1B – V2 – LU1(AS3); LU2 (AS2)]*
- Geskok – dat die USSR verantwoordelik was vir die plasing van die missiele
- Bekommerd/ontsteld/woede dat die VSA die USSR met oorlog dreig
- Sien dit as VS propaganda
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3
1.3.1 *[Verduideliking van 'n begrip uit Bron1C – VL1 – LU2 (AS1)]*

(a) Koue oorlog
- Ideologiese konflik tussen die VSA en die USSR
- Stryd wat tussen die USSR en die VSA en hulle onderskeie bondgenote ontwikkel het
- Oorlog gevoer deur middel van ekonomiese druk, selektiewe hulp en propaganda
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

(b) Kwarantyn
- Om die toegang van skepe na Kuba te verhoed
- Om die toegang van USSR missiele na Kuba te blokkeer
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron1C – V2 – LU1(AS3); LU2 (AS2)]*
- Dade (blokkade) is gesien as 'n bedreiging van oorlog
- VSA se dade (blokkade) kon gesien word as 'n daad van oorlog
- Blokkade van USSR skepe na Kuba is gesien as 'n uitdaging
- Het probeer om eers die krisis diplomaties op te los
- Kennedy gehoorsaam nie die wette op internasionale gebiedswater
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron1C – V2 – LU1(AS3); LU2 (AS2)]*

- Kennedy het beweer dat Russiese owerhede nie eerlik was oor die rol van Kuba nie
- Kennedy blameer die USSR vir die missielkrisis in Kuba
- Teensinnig om die blokkade/kwarantyn op te hef
- Is gesien as 'n verklaring van oorlog
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron1C – V3 – LU1(AS3); LU2 (AS2)*
**Kandidate kan of KHRUSHCHEV of KENNEDY kies en hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun.**

**KENNEDY**

- President Kennedy se dade was gelykstaande aan oorlog
- President Kennedy het 'n kwarantyn verklaar
- Het slegs gereageer op die bedreiging van Russiese invloed in Kuba
- Het 'n kwarantyn op Sowjetskepe ingestel
- Het onkonvensionele metodes gebruik om die Koue Oorlog te verleng
- Enige ander relevante antwoord

**KHRUSHCHEV**

- President Khrushchev was verantwoordelik vir die bou van missiel basisse
- Versekering wat deur die Russiese regering gegee is was vrugteloos
- Het probeer om Kuba te gebruik om kommunistiese invloed in Kuba en die Karibiese eilande te versprei
- Het probeer om Russiese invloed in Kuba te vergroot
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle Bronne-
V3 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

**Kandidate kan die volgende punte gebruik om die vraag te beantwoord:**

- Die krisis het ŉ positiewe en negatiewe impak op Khrushchev se politieke loopbaan gehad
- Positief – verbeter die verhouding tussen die VSA en die USSR, voorkom VS inval in Kuba en kernoorlog
- Khrushchev gesien as ŉ swak leier en verloor aansien en gewildheid; weermag verloor vertroue in sy politieke leierskap; Khrushchev word verwyder uit sy magsposisie
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op elementêre wyse d.w.s. **toon min of geen begrip van die impak wat die Kubaanse Missielkrisis op Khrushchev se politieke loopbaan gehad het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor ŉ onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie | **PUNTE: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van die impak wat die Kubaanse Missielkrisis op Khrushchev se politieke loopbaan gehad het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier | **PUNTE: 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van die impak wat die Kubaanse Missielkrisis op Khrushchev se politieke loopbaan gehad het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp | **PUNTE: 6–8** |

(8)

## 1.5 UITGEBREIDE SKRYFSTUK

1.5.1 *[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse deur die gebruik van analitiese en interpretasievaardighede - V1 – LU1 (AS 3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS

Kandidate moet verduidelik hoe die USSR en die VSA bygedra het tot Koue Oorlog-spanning in Kuba.

HOOFASPEKTE

Kandidate behoort die volgende aspekte in hulle antwoord in te sluit:

- Inleiding: Kandidate behoort te fokus op die redes wat tot die Kubaanse Missielkrisis gelei het.

UITBREIDING

- Magsoorname van Castro
- Die Amerikaanse reaksie (blokkade, uitroepe van verwydering, dreig dat hulle Kuba sal inval)
- Die Sowjet-reaksie (verontagsaam die blokkade, erken nie dat hy missiele in Kuba het nie)
- Sowjetunie erken dat daar missiele is, maar beweer dat dit slegs vir defensiewe doelwitte is (Hulle sal alleenlik missiele verwyder indien Amerika nie Kuba sal aanval nie)
- Die Sowjetunie vra vir die verwydering van missiele uit Turkye - Amerika was onwillig
- Spanning verhoog toe 'n Amerikaanse spioenvliegtuig afgeskiet is oor Kuba
- Amerika aanvaar die Sowjetunie en Khrushchev se voorwaardes
- Die missiele is verwyder en basisse is afgebreek onder die toesig van die Verenigde Nasies
- 'n Blitslyn is opgestel tussen die Wit Huis en die Kremlin en 'n Kerntoets Verbanningsverdrag is gesluit
- 'n 'Warm Oorlog' is deur onderhandelings afgeweer
- USSR se aansien is beskadig en Khrushchev is verwyder uit sy magsposisie
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hulle bespreking saamvat met 'n relevante slot. (30)

**Gebruik die matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om hierdie skryfwerk te assesseer.**

1.5.2 *[Sintetiseer inligting om 'n oorspronklike argument te konstrueer deur gebruik te maak van inligting uit die bronne en jou eie kennis om jou antwoord te ondersteun - V2 – LU1 (AS 3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS

Om hierdie vraag te beantwoord kan kandidate of saamstem of nie saamstem met die stelling nie. Indien hulle saamstem met die stelling kan hulle bespreek hoe die Kubaanse Missielkrisis amper tot 'n volskaalse kernoorlog gelei het. Indien hulle nie saamstem met die stelling nie moet kandidate hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun.

HOOFASPEKTE

Kandidate behoort die volgende aspekte in hulle antwoord in te sluit:

- Inleiding: Kandidate moet die geldigheid van die stelling krities bespreek en aandui hoe hulle beoog om die vraag te beantwoord.

UITBREIDING

**Om hierdie stelling te evalueer moet kandidate aandui of hulle saamstem of nie saamstem nie. Die volgende aspekte kan gebruik word om jou standpunt te ondersteun. (STEM SAAM)**

- Redes vir die ontplooiing van missiele in Kuba
- Kennedy vra vir die verwydering van missiele, lanseer 'n blokkade in plaas van 'n inval wat wys dat hy gesoek het na 'n vreedsame oplossing
- Khrushchev wys dat hy ook gewillig is om vrede 'n kans te gee deur Amerika te vra om nie Kuba in te val nie en die blokkade te lig
- Khrushchev laat 'n deur open vir besprekings oor die Missielkrisis
- Khrushchev vra Amerika vir die verwydering van missiele uit Turkye
- Kennedy het nie in die publiek toegegee aan hierdie versoek, maar het privaat die versekering aan die USSR gegee dat missiele verwyder sal word
- Kennedy behou sy selfbeheersing toe 'n Amerikaanse spioenvliegtuig oor die Kubaanse lugruim afgeskiet is
- Kennedy vereis die verwydering van missiele of die USSR sal aangeval word
- Khrushchev stem uiteindelik in
- Albei leiers styg as wenners uit hierdie krisis
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hulle argument saamvat.

(30)
**[75]**

**Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om hierdie skryfwerk te assesseer.**

**VRAAG 2: WAT WAS DIE MOONTLIKHEDE EN BEPERKINGS VAN JULIUS NYERERE SE BELEID VAN AFRIKA-SOSIALISME IN DIE 1960's OP TANZANIË?**

2.1

2.1.1 *[Verduideliking van 'n begrip uit Bron 2A – V1 – LU2 (AS1)]*

- Gemeenskaplike arbeid/samewerking tot voordeel van die gemeenskap
- Om 'n vooruitstrewende en selfstandige gemeenskap te ontwikkel
- Uitgebreide familie of familieskap/buurmanskap (as fondasie vir Afrika-Sosialisme)
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.2 *[Interpretasie van Bron 1A - V2 - LU1(AS3)]*

- Stedelinge wat voordeel trek uit die arbeid van boere
- Stedelinge het nie tot die ontwikkeling van Tanzanië bygedra nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1 – LU1 (AS3); LU2 (AS2)]*

- Nasionaliseer die werkersunie beweging
- Stig 'n eenpartystaat/ Geen opposisiepartye is toegelaat nie
- Praat van ujamaa/Afrika-Sosialisme
- Geleenthede vir openbare deelname het verdwyn (enige 1 x 1) (1)

2.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1 – LU1 (AS3); LU2 (AS2)]*

- Tradisionele Afrika gemeenskap is vernietig
- Laat die ontwikkeling van Tanzaniese menslike en materiële bronne toe/ mense het hebsugtig geraak/ grondparasiete laat ontstaan

(enige 1 x 1 ) (1)

2.1.5 *[Interpretasie van Bron 2A-V2-LU1 (AS3)]*

- Mense werk saam
- Mense lyk gelukkig en is bereid om te werk
- Enige ander relevante antwoord (enige1 x 2) (2)

2.1.6 *[Analiseer en interpreteer van die visuele bron 2A – V2 – LU1 (AS4); LU2 (AS2)]*
**Nyerere sou tevrede wees omdat:**

- Beleid van ujamaa het 'n werklikheid geword en het effektief gewerk
- Tanzaniërs het saamgewerk om hulleself te onderhou
- Tanzaniërs was gelukkig met die beleid van ujamaa
- Voedselproduksie het verhoog
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.1.7 *[Verseker die akkuraatheid van bewyse in Bron 2A-V3-LU1(AS4)]*
**Kandidate moet aandui of die bron AKKURAAT of NIE AKKURAAT is nie en hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun.**

**AKKURAAT**
- Beleid van ujamaa was suksesvol ingestel/ toename in voedselproduksie
- 'Families' is besig met landbouproduksie
- Tanzaniërs het ujamaa as 'n manier van produksie aanvaar
- Verwys na 'n tipiese gemeenskaplike plaas
- Enige ander relevante antwoord

**NIE AKKURAAT**
- Hulle het dalk vir die foto geposeer
- Baie Tanzaniërs was onwillig om hulle op ujamaa plase te vestig
- Die foto kon gebruik word vir propaganda doeleindes om die sukses van ujamaa uit te beeld
- Verwys nie na die mislukkings van ujamaa nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.1.8 *[Vergelyking van inligting in Bron 2A (visueel en geskrewe) om te verduidelik hoe hulle mekaar ondersteun V3 – LU1 (AS4); LU2 (AS3)]*
**Kandidate moet aandui hoe die GESKREWE BRON die VISUELE BRON ondersteun:**

- Die geskrewe bron skets Nyerere se idees oor hoe hy die ekonomiese beleid van Tanzanië wou verander via die beleid van ujamaa terwyl die visuele bron die sukses van hierdie beleid aandui
- Die geskrewe bron fokus op hoe Tanzaniërs bevoordeel is deur ujamaa terwyl die visuele bron 'n oorvloed van voedselproduksie wys
- Die geskrewe bron verwys na familieskap wat in die visuele bron uitgebeeld word (mense werk saam)
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2
2.2.1 *[Analiseer Bron 2B – V2 – LU1 (AS4); LU2 (AS2)]*
- Die bedoeling van die beleid was om van een deel van die land (waaraan hulle gewoond was), na 'n ander een te trek.
- Hulle is verwyder uit areas (land) waar hulle suksesvol gesaaides verbou het na waar hulle nie suksesvol was nie
- Die doel van ujamaa was om Tanzanië selfversorgend en vooruitstrewend te maak, maar hierdie beleid het tot armoede gelei
- Selfversorging word deur die staat afgedwing
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 3) (3)

2.2.2 *[Regverdiging van bewyse uit Bron* 2B *– V3 – LU1 (AS3 en 4)]*
**Kandidate moet aandui of boere GEREGVERDIG of NIE GEREGVERDIG was om die beleid van ujamaa teen te staan. Kandidate moet die volgende gebruik om hulle standpunt te ondersteun.**

**GEREGVERDIG**
- Boere is gedwing om in ujamaa dorpe te woon en te werk
- Voedselveiligheid is gekompromitteer
- Hulle was onwillig om die grafte van hulle voorvaders te ontheilig
- Hulle was nie bereid om hulle land en erfenis op te gee ter wille van regeringsbeleid
- Om die persoonlike veiligheid van privaat plotte op te gee ter wille van gemeenskaplike plotte
- Enige ander relevante antwoord

**NIE GEREGVERDIG**
- Ujamaa was die amptelike beleid van die regering wat deur boere gevolg moes word
- Om ujamaa 'n sukses te maak, moes boere saamwerk
- Kon nie regeringsbeleid uitdaag nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2.3 *[Onttrekking van inligting uit Bron 2B – V1 – LU1 (AS3 en 4)]*
- Tanzanië word een van die armste nasies in Afrika
- Dit het groot skuld opgehoop
- Afhanklik van buitelandse hulp
- Oorafhanklikheid van landbou en nie nywerhede nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 1) (2)

2.2.4 *[Evaluasie van Bron 2B - V2-LU 1(AS3); LU2 (AS1)]*
**Standpunt 2 ondersteun die beleid van ujamaa op die volgende wyse:**

- Primêre gesondheidsorg in die platteland het verbeter
- Siektes wat deur drinkwater veroorsaak word, is uitgewis
- Meeste Tanzaniërs is voorsien van water wat in pype aangelê is
- Lewensverwagting het verhoog
- Gaping tussen die vlak van inkomste onder plattelanders en stedelinge het verklein
- Tanzanië het een van die hoogste geletterdheidsyfers in Afrika
- Primêre onderwys was gratis en verpligtend
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2.5 *[Vergelyking van Bron 2A- V3- LU2 (AS3 )]*
**Kandidate moet aandui of Standpunt 1 verskil van Standpunt 2 en hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun**

**STANDPUNT 1 – MISLUKKING**

- Verwys na mislukkings
- Baie Tanzaniërs het nie die beleid van ujamaa ondersteun nie.
- Tanzanië het een van die armste lande in Afrika geword as gevolg van sy beleid van ujamaa.
- Groot skuld het opgehoop
- Ujamaa-dorpe kon nie genoeg voedsel produseer om Tanzaniërs te voed nie

**STANDPUNT 2 – SUKSES**

- Verwys na suksesse
- Die platteland is voorsien van basiese onderwys en gesondheidsdienste
- Water wat in pype aangelê is, is voorsien
- Lewensverwagting het verbeter
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.3 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle Bronne – V3 – LU1 (AS 3 en 4), LU2 (AS1, 2 en 3) LU3 (AS 1, 2, 3 en 4)]*

**Kandidate kan die volgende punte gebruik om die vraag te beantwoord:**

**POSITIEF**

- Die verpligte program van hervestiging van mense in nuwe dorpe (villagisation) het verseker dat Tanzaniërs kon terugkeer na hulle tradisionele lewenswyse
- Families het in landbou saamgewerk – ujamaa
- Gaping tussen ryk en arm het verklein
- Hoë geletterdheidsyfers
- Verbeterde gesondheidsorg en lewensverwagting het verhoog
- Toegang tot skoon water en sanitasie

**NEGATIEF**

- Ujamaa het gelei tot verhoogde werkloosheid
- Armoede en behoeftigheid het endemies geword
- Oneweredige gemeenskap is geskep
- Siektes en hongersnood het meeste Tanzaniërs affekteer
- Gebrek aan behuising en basiese behoeftes
- Tanzanië word een van die armste lande in Afrika
- Tanzanië begin steun op die IMF en die Wêreldbank vir finansiële ondersteuning
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op elementêre wyse, d.w.s. **toon min of geen begrip van die impak wat Nyerere se program van hervestiging van mense in nuwe dorpe (villagisation) op gewone Tanzaniërs gehad het nie**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor 'n onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie | **PUNTE: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, **bv. toon begrip van die impak wat Nyerere se program van hervestiging van mense in nuwe dorpe (villagisation) op gewone Tanzaniërs gehad het**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier | **PUNTE: 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van die impak wat Nyerere se program van hervestiging van mense in nuwe dorpe (villagisation) op gewone Tanzaniërs gehad het**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp | **PUNTE: 6–8** |

(8)

## 2.4 UITGEBREIDE SKRYFSTUK

2.4.1 *[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse deur die gebruik van analitiese en interpretasievaardighede - V1 – LU1 (AS 3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS

Kandidate moet die moontlikhede en beperkings van Julius Nyerere se beleid vir Tanzanië bespreek.

HOOFASPEKTE

Kandidate behoort die volgende aspekte in hulle antwoord in te sluit:

- Inleiding: Kandidate moet fokus op die beleid wat Nyerere aangeneem het na onafhanklikheidswording.

UITBREIDING

**MOONTLIKHEDE**
- Die 1967 Arusha Verklaring het Nyerere se visie vir ujamaa uiteengesit
- Tanzaniërs behoort terug te keer na hulle tradisionele lewenswyse
- Tanzanië behoort sy eie ekonomie te bou en nie afhanklik te wees van buitelandse hulp – vermy die afhanklikheidsindroom
- Dorpe moet kollektief boer wat die hele gemeenskap sou bevoordeel
- Tanzaniërs moet selfstandig word (Landbouproduksie moet verhoog word)
- Geletterdheidsvlakke het toegeneem as gevolg van verpligte onderwys vir alle Tanzaniese kinders
- Boere is opgelei in moderne landboumetodes
- 'n Leierskapskode is ingestel om politici van korrupsie te weerhou
- Gesondheidsdienste is verbeter en Tanzaniërs het toegang tot water wat in pype aangelê is
- Nyerere wou 'n sosialistiese land skep deur die gaping tussen ryk en arm te verklein

**BEPERKINGS**
- Boere was onwillig om hulle lewenswyse en landboumetodes te verander
- Hulle was onseker oor verbeterings wat ujamaa-dorpe sou bring
- Minder mense het deelgeneem aan koöperatiewe boerdery
- Baie het die kennis ontbreek van moderne landboumetodes
- Tekorte aan plaasimplemente het die proses vertraag
- Regeringsamptenare was ook nie toegewyd aan die begrip van ujamaa
- Boere is gedwing om hulle gesaaides te verkoop teen lae pryse
- Buitelandse kapitaliste en regeringsamptenare het voedselpryse outokraties vasgestel
- Het gelei daartoe dat baie gemeenskaplike boerdery verlaat het
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hulle argument saamvat met 'n relevante slot.

(30)

**Gebruik die matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om hierdie skryfwerk te assesseer.**

2.4.2 *[Sintetiseer inligting om 'n oorspronklike argument te konstrueer deur gebruik te maak van inligting uit die bronne en jou eie kennis om jou antwoord te ondersteun - V2 – LU1 (AS 3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS

Kandidate moet assesseer of Nyerere se beleid van Afrika sosialisme Tanzanië polities, maatskaplik en ekonomies getransformeer het. In hulle assessering moet hulle noem of hierdie beleid suksesvol was al dan nie.

HOOFASPEKTE
Kandidate behoort die volgende aspekte in hulle antwoord in te sluit:

- Inleiding: Kandidate moet aandui of hulle saamstem of nie saamstem nie en hulle argument met relevante bewyse ondersteun.

UITBREIDING

**Polities**
- Nyerere se visie van 'n sosialistiese Tanzanië is uiteengesit in die Arusha Verklaring [Voorsiening van eenpartystaat, eenpartystate kon wees, Verkiesings op gereelde basis ens]
- Werkers het die reg gehad om deel te neem aan besluitnemingsprosesse
- TANU leiers was albei boere en werkers
- Probeer om regeringkorrupsie uit te wis – Leierskapskode word ingestel
- Tanzanië was eens op 'n tyd die mees stabiele land in Afrika

**Maatskaplik**
- Pogings om klasse onderskeid uit te wis [Plattelandse gemeenskap deel rykdom, gaping tussen ryk en arm is verminder]
- Verpligte program van hervestiging van mense in nuwe dorpe 'Villagisation' is ingestel – maak dit makliker vir die regering om dienste te verskaf [Dorpe moet gemeenskaplik boer; dorpe is oorbevolk]
- Salarisse van regeringsamptenare behoort hoog te wees
- Fokus was op kollektiewe waardes en nie op individualisme nie
- Handearbeid moet gerespekteer en aangemoedig word
- Gesondheid en onderwys suksesse

**Ekonomies**
- Tanzanië moet selfstandig en ekonomies selfonderhoudend wees
- Families werk saam om voedsel vir eie gebruik te produseer
- Voedselproduksie neem drasties af [Tanzanië is afhanklik van invoere]
- Sleutelmaatskappye is genasionaliseer – produksie daal
- Regering aanvaar lenings van die IMF en die Wêreldbank - afhanklikheidsindroom
- Ekonomiese sukses verminder
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hulle argument saamvat met 'n relevante slot

(30)
**[75]**

**Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om hierdie skryfwerk te assesseer.**

**VRAAG 3: WATTER VORME VAN BURGERLIKE PROTES HET IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) IN DIE 1960's TE VOORSKYN GEKOM?**

3.1

3.1.1 *[Onttrek informasie uit Bron 3A – V1 – LU1 (AS3)*

- Wou aansluit by die studentekomitee
- Wou deel wees van die betoging
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 1) (2)

3.1.2 *[Analiseer Bron 3A – V2 – LU1 (AS4); LU2 (AS2)]*

- Albei was rassiste
- Albei het diskriminerende tendense gehad
- Albei was onwillig om vredeliewende Amerikaners te aanvaar
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.3 *[Verduideliking van historiese begrippe van die visuele Bron 3A- V1 – LU2(AS1)]*

- Om mense apart te hou as gevolg van hulle ras
- Behandel mense verskillend met betrekking tot waar hulle bly, speel ens.
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.4 *[Analiseer die boodskap deur die foto oorgedra in Bron 3A – V2 – LU1 (AS4)]*

- Om die praktyk van diskriminasie/teistering uit te lig
- Om tekort aan verdraagsaamheid en respek te toon vir ander mense
- Toon die houding van burgerregte aktiviste
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.1.5 *[Analiseer Bron 3A – V2 – LU1 (AS4); LU2 (AS2)]*

(a)

- Aanvallend
- Oneerbiedig
- Ongeskik
- Tekort aan verdraagsaamheid
- Intimiderend
- Beledigend/ Aggressief
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

(b)

- Toon groot toegewydheid en daag segregasiewette uit deur te bly en te weier om te loop
- Sterk opposisie teen segregasie
- Braaf om vryheid en geregtigheid te beveg
- Nie aanvallend nie en vredeliewend
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.6 *[Vergelyking van inligting in Bron 3A (visueel en geskrewe) om te verduidelik hoe hulle mekaar ondersteun V3 – LU1 (AS4); LU2 (AS3)]*
**Albei bronne is dieselfde op die volgende maniere:**

- Toon dat burgerregte-aktiviste nie welkom was in die restaurant
- Wou gehad het dat die burgerregte-aktiviste die restaurant verlaat
- Toon dat teen burgerregte-aktiviste gediskrimineer is
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2
3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1 – LU1 (AS3)]*
- Klim op 'n bus bedoel vir die Suide van Amerika
- Wittes sou agter in die bus sit terwyl swartes voor in die bus sit
- By stilhouplekke sou wittes in slegs swart areas ingaan en omgekeerd
- Het 'n krisis veroorsaak wat die Federale regering verplig het om die wet af te dwing (enige 2 x 1) (2)

3.2.2 *[Interpretasie en evaluering van Bron 3B – V3 – LU1 (AS3)]*
- Het nie gehelp toe Vryheidsryers wreed geslaan is
- Bly weg van die insident sodat Vryheidsryers deur konserwatiewe wit Amerikaners aangeval kon word
- Toon 'n rassistiese houding
- Wou gehad het dat Vryheidsryers geslaan word
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 3) (3)

3.2.3 *[Interpretasie van Bron 3B – V3 – LU1 (AS3)]*
**Hulle kon 'n gevoel toon van:**

- Woede
- Walging
- Ongelukkigheid
- Intimidering
- Angstigheid
- Meer betoging
- Toegewyd in hulle stryd om desegregasie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.2.4 *[Vergelyking van inligting in Bron 3A (visueel en geskrewe) om te verduidelik hoe hulle mekaar ondersteun V2 – LU1 (AS4); LU2 (AS3)]*
- Die visuele bron bevestig die Vryheidsryers se siening dat hulle teenkanting (geweld) sou kry
- Die visuele bron toon die brandende bus in Anniston soos verduidelik in die geskrewe bron
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.5 *[Bekragtig die betroubaarheid van inligting uit Bron 3B – V3 –LU1 (AS3&4); LU2 (AS2&3); LU3 (AS2)]*
**Die visuele bron is betroubaar omdat:**

- Fotograaf toon die geweld deur konserwatiewe Amerikaners
- Die fotograaf was teenwoordig by die toneel
- Dit toon die werklike gebeure – die brandende bus naby Anniston, Alabama
- Die foto werk saam met ander bronne
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3 *[Interpretasie van Bron 3C – V2 – LU1 (AS3)]*
- Burgerregtebeweging was suksesvol omdat dit swart Amerikaners toon wat bedien word by voorheen afgeskeie toonbanke wat vir wittes gereserveer was
- Die bron toon dat geen geweld gebruik is teen swart Amerikaners in 'n restaurant wat voorheen gereserveer is vir wittes nie
- Dui op verandering - desegregasie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle Bronne - V3 - LU1 (AS3 en 4), LU2 (AS1, 2 en 3) LU3 (AS 1, 2, 3 en 4)]*

**Kandidate kan die volgende punte gebruik om die vraag te beantwoord:**

- Die woedende konserwatiewe wittes het probeer om die Vryheidsryers te keer in hulle poging om segregasie op publieke vervoer te stop
- Geweld is gebruik teen Vryheidsryers
- Wit konserwatiewe polisiemag en die FBI werk saam met die wit bende
- Die afbrand van busse wat deur die Vryheidsryers gebruik is
- Die burgerregte-aktiviste is intimideer, gearresteer en in die gevangenis gestop
- Party burgerregte-aktiviste is vermoor bv. die drie wat deel was van die 'Vryheidsomer' in 1964
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op elementêre wyse, d.w.s. **toon min of geen begrip van hoe die aktiwiteite van die Burgerregtebeweging ontwrig is deur konserwatiewe wit Amerikaners.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor 'n onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie | **PUNTE: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, **bv. toon begrip van hoe die aktiwiteite van die Burgerregtebeweging ontwrig is deur konserwatiewe wit Amerikaners.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier | **PUNTE: 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van hoe die aktiwiteite van die Burgerregtebeweging ontwrig is deur konserwatiewe wit Amerikaners.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp | **PUNTE: 6–8** |

(8)

**3.5 UITGEBREIDE SKRYFSTUK**

3.5.1 *[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse deur die gebruik van analitiese en interpretasievaardighede - V1 – LU1 (AS 3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS
Daar word van kandidate verwag om die verskillende vorms van protes te bespreek wat die burgerregte-aktiviste in die 1960's gebruik het om rassediskriminasie in die VSA te beëindig.

HOOFASPEKTE
Kandidate behoort die volgende aspekte in hulle antwoord in te sluit:

- Inleiding: Kandidate behoort die verskillende vorms van protes wat onderneem is om die VS regering te dwing om rassediskriminasie en segregasie te beëindig, aan te dui.

UITBREIDING
- Kort agtergrond van Martin Luther King Jnr. en die redes vir die Burgerregtebeweging
- Burgerregte-aktiviste onderneem betogings om segregasie en diskriminerende wette in die VSA uit te daag
- Hulle volg nie gewelddadige en vreedsame taktieke (gebaseer op Gandhi se Satyagraha)
- Sitbetogings in parke, biblioteke, restaurante ens bv. in Greensboro by die Woolworths-restaurant in North Carolina in 1960.
- Meer sitbetogings het gevolg en dit lei tot geïntegreerde parke, swembaddens, teaters, biblioteke, skole, strande, ens.
- Vryheidsritte vind plaas in Washington DC - New Orleans in Mei 1961
- Dit daag segregasie op publieke vervoer uit
- Opstande breek uit in Mississippi in 1962 omrede die toelating van James Meredith in 'n slegs wit Mississippi Universiteit (President Kennedy stuur troepe om orde te herstel)
- Betogings bv. teen rassediskriminasie in behuising en onderwys - Maryland in Maart 1963
- Ander betogings sluit in, Birmingham en Alabama betogings (1963) en wrede reaksie deur Eugene 'Bull' Connor (Kommissaris van Openbare Veiligheid) oor betogings
- Die optog na die Lincoln gedenkteken 1963 – beroemd vir Martin Luther se 'Ek het 'n droom' (I had a dream') toespraak
- Vryheidsomer 1964 in Mississippi het massiewe Amerikaanse verkiesings registrasies verhoog
- Aanneem van die Wet op Burgerregte van 1964
- Optog na Montgomery 1965 vir stemreg en dit loop uit op 'n 'Bloedige Sondag' – Aanneem van die Wet op Stemreg
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hulle argument saamvat met 'n relevante slot.

(30)

**Gebruik die matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om hierdie skryfwerk te assesseer.**

3.5.2 *[Sintetiseer inligting om 'n oorspronklike argument te konstrueer deur gebruik te maak van inligting uit die bronne en jou eie kennis om jou antwoord te ondersteun - V2 – LU1 (AS 3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS

Kandidate moet aandui of hulle saamstem met J Patterson se bewering dat die burgerregte-aktiviste 'dwase is wat verdien om geslaan en doodgemaak te word'.

HOOFASPEKTE
Kandidate behoort die volgende aspekte in hulle antwoord in te sluit:

- Inleiding: Kandidate moet aandui of hulle saamstem of nie saamstem met die stelling nie en hulle argument met relevante bewyse ondersteun.

UITBREIDING

**NIE SAAMSTEM:**
- Burgerregte-aktiviste het vir hulle regte opgestaan – hulle was nie 'dwase wat verdien het om geslaan en doodgemaak te word'
- Hulle neem verskeie nie vreedsame strategieë aan om vryheid en gelykheid onder swart Amerikaners te verseker
- 'n Nie gewelddadige vreedsame taktiek soos deur Gandhi aangeneem is
- Burgerregte-aktiviste het betogings onderneem om segregasie en diskriminerende wette uit te daag bv. in Birmingham and Alabama
- Sitbetogings in biblioteke bv. Die Tougaloo Nege in Jackson, Mississippi 1961; restaurante in Greensboro, by Woolworths se restaurant in Noord-Carolina 1960.
- Meer sitbetogings het gevolg en dit het gelei tot integrasie in parke, swembaddens, teaters, biblioteke, skole, strande, ens.
- Vryheidsryers regdeur die VSA, byvoorbeeld van Washington DC tot New Orleans in Louisiana Mei 1961 – daag segregasie uit in publieke vervoer
- Opstande in Mississippi in1962 vir die toelating van James Meredith in 'n slegs wit Universiteit van Mississippi.
- Betogings bv. teen rassediskriminasie in behuising en onderwys in Maryland in Maart 1963
- Die geveg vir burgerregte het sy toppunt bereik met die optog na die Lincoln gedenkteken in Augustus 1963 – Martin Luther King het sy beroemde 'Ek het 'n droom' (I had a dream ') toespraak gelewer
- In 1964 het die VS regering die Wet op Burgerregte aangeneem
- Optog na Montgomery (Maart 1965) vir stemreg wat tot die 'Bloedige Sondag' lei. Lei tot die aanneem van die Wet op Stemreg
- Enige ander relevante antwoord (30)

**[75]**

**As kandidate saamstem met die standpunt moet hulle, hulle argument met relevante bewyse ondersteun.**

**Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om hierdie skryfwerk te assesseer.**

**VRAAG 4: HOE HET DIE FILOSOFIE VAN SWART BEWUSSYN DIE SOWETO-OPSTANDE VAN 1976 BEÏNVLOED?**

4.1

4.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 4A – V1 – LU1 (AS3)]*

- Swart Bewussyn (enige 1 x 1) (1)

4.1.2 *[Verduideliking van historiese begrippe uit Bron 4A – V1 – LU2(AS1)]*

- Swart mense moet trots op hulleself wees
- Swart mense moet dinge doen sonder die hulp van wit mense
- Was bedoel om veral swart Suid-Afrikaners bewus te maak oor hulle politieke, ekonomiese en kulturele regte
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

4.1.3 *[Interpretasie van inligting uit Bron 4A – V2 – LU1 (AS3)*

- Dit het nie vir die regte van swart Suid-Afrikaners geveg nie
- Dit was 'n wit gedomineerde organisasie
- Swart studente was nie tevrede met aparte akkommodasiefasiliteite vir wit en swart studente
- Wit Suid-Afrikaners kon nie veg vir die saak van swart Suid-Afrikaners
- Dit was nie radikaal genoeg nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

4.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 4A – V1 – LU1 (AS3)]*

- SASM
- BPC
- SASO (2 x 1) (2)

4.1.5 *[Interpretasie van Bron 4A – V2 – LU1 (AS3)]*

- Hulle raak bewus van die filosofie van Swart Bewussyn
- Hulle staan op vir hulle regte en vereis gelyke onderwys
- Swart Bewussyn het hulle gehelp om minderwaardige onderwys te teiken
- Daag die oplegging van Bantoe-onderwys uit deur die boikot van eksamens oor die *Swart Pelgrim*
- Dit het hulle beïnvloed om selfstandig te wees
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

4.2

4.2.1 *[ Analise, interpretasie en evaluering van Bron 4B – V3 – LU1 (AS3)]*

- Die fakkel verteenwoordig die sukses van Afrikaner-kultuur ten opsigte van taal
- Leerlinge in Soweto het geweier om in Afrikaans onderrig te word
- Verwys na die Soweto-opstande teen die gebruik van Afrikaans
- Die doodtrek van die woord skool simboliseer die verwerping van formele onderrig
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

4.2.2 *[Analisering van bewyse uit Bron 4B – V2 – LU1 (AS4); LU2 (AS2)]*
- Die vlam/fakkel simboliseer die viering van Afrikaans in 1975
- Die vlam/fakkel simboliseer die opstand wat in Soweto voorgekom het die saak van Afrikaans en minderwaardige onderwys
- Die vlam/fakkel simboliseer die brand van skole, geboue, motors ens.
- Die vlam/fakkel simboliseer die woede wat die leerlinge gevoel het oor Bantoe Onderwys en die apartheid regering
- Die vlam/fakkel simboliseer die verwerping van Bantoe-onderwys en die oplegging van die Afrikaanse taal op swart Suid-Afrikaanse leerlinge
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

4.3 *[Vergelyking van Bronne 2A en 2B om te verduidelik hoe hulle mekaar ondersteun V3 – LU1 (AS4); LU2 (AS3)]*
**Kandidate moet na albei Bronne 4A en 4B in hulle antwoord verwys**.

- Bron 4A verwys na die brand van boeke en Bron 4B wys die rook/vlam
- Bron 4A verwys na die boikot van die Afrikaans-eksamen en Bron 4B simboliseer die verwerping van Afrikaans as 'n taal
- Bronne 4A en 4B lig albei die nodigheid om Afrikaans as 'n medium van onderrig teen te staan uit asook die verwerping van Bantoe Onderwys
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

4.4
4.4.1 *[Regverdiging van bewyse uit Bron4C – V3 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS2); LU3 (AS2 en 3)]*
**Kandidate moet aandui of Kleingeld se getuienis om geweld teen ongewapende leerlinge te gebruik GEREGVERDIG was of NIE GEREGVERDIG was.**
**Kandidate moet die volgende gebruik om hulle standpunt te ondersteun.**

**GEREGVERDIG omdat**:
- Leerlinge het klippe gegooi
- Leerlinge was aggressief
- Leerlinge het die lewens van polisiemanne in die gevaar gestel
- Polisiemanne moes die eiendom van die regering beskerm
- Leerlinge was gewelddadig en het onpatriotiese tendense getoon
- Enige ander relevante antwoord

**NIE GEREGVERDIG omdat**:
- Dit was 'n skending van menseregte
- Leerlinge was geregverdig om te protesteer teen die gedwonge gebruik van Afrikaans as taal regdeur die kurrikulum
- Hulle was maar net skoolkinders
- Dit is oneties om lewendige ammunisie op ongewapende kinders te gebruik
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

4.4.2 *[Interpretasie van inligting uit Bron 4C – V2 – LU1 (AS3)]*

- Leerlinge marsjeer om vreedsaam te protesteer teen die gebruik van Afrikaans regdeur die kurrikulum en om Bantoe Onderwys te verwerp
- Polisie gebruik traangas om leerlinge uitmekaar te jaag
- Leerlinge in Soweto reageer deur met klippe na die polisie te gooi
- Polisie begin skiet sonder waarskuwing op ongewapende leerlinge en die eerste slagoffer was Hector Pieterson
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

4.4.3 *[Vergelyking van twee sienings in Bron 2C om die bruikbaarheid daarvan te verduidelik V3 – LU1 (AS4); LU2 (AS3)]*

**Kandidate moet verwys na albei KLEINGELD SE GETUIENIS en JON-JON MKHONZA se VERSLAG en hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun.**

**KLEINGELD SE GETUIENIS**

- Kleingeld was 'n gerespekteerde polisieman
- Kleingeld het probeer om reg en orde te handhaaf
- Kleingeld was 'n ooggetuie
- Enige ander relevante antwoord

**JON-JON MKHONZA SE VERSLAG**

- Mkhonza was 'n ooggetuie
- Hy was die slagoffer van die beleid van apartheid
- Die sing van 'Morena Boloka' wys die vreedsaamheid van die optog
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2)(4)

4.5

4.5.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron4D – V2 – LU1 (AS3)]*

- Inwerkingstelling van Afrikaans as medium van onderrig
- Die beleid van Bantoe Onderwys
- Die filosofie van Swart Bewussyn
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2)(2)

4.5.2 *[Interpretasie of Bron 4D – V2 – LU1 (AS3)]*

- Bang dat die regering hulle mag oor die land verloor het
- Bang vir al die geweld en moorde
- Toekoms het onseker gelyk
- Swart Suid-Afrikaners staan die beleid van apartheid teen deur hulle te wend tot geweld
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2)(2)

4.6 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle Bronne - V3- LU1 (AS3 en 4), LU2 (AS1, 2 en 3) LU3 (AS 1, 2, 3 en 4)]*

**Kandidate kan die volgende punte gebruik om die vraag te beantwoord:**

- Swart Suid-Afrikaanse leerlinge is gedwing om Afrikaans te leer
- Die staat skryf boeke soos die *Swart Pelgrim* voor
- Die staat intimideer anti-apartheid aktiviste deur die gebruik van geweld, traangas, koeëls, honde en knuppels
- Anti-apartheid aktiviste is mishandel, opgesluit en doodgemaak
- Steve Biko en ander aktiviste is gearresteer, mishandel en doodgemaak
- Die apartheidsregering het politieke organisasies verban
- Tuislandleiers het medewerkers geword om die beleid van apartheid in stand te hou
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op elementêre wyse d.w.s. **toon min of geen begrip van die verskillende maatreëls wat die apartheidsregering in plek gestel het om die invloed van Swart Bewussyn te verminder.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor 'n onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie | **PUNTE: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van die verskillende maatreëls wat die apartheidsregering in plek gestel het om die invloed van Swart Bewussyn te verminder.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier | **PUNTE: 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van die verskillende maatreëls wat die apartheidsregering in plek gestel het om die invloed van Swart Bewussyn te verminder.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp | **PUNTE: 6–8** |

(8)

**4.7 UITGEBREIDE SKRYFSTUK**

4.7.1 *[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse deur die gebruik van analitiese en interpretasievaardighede - V1 – LU1 (AS 3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS

Kandidate moet verduidelik hoe die filosofie van Swart Bewussyn die Soweto-opstande van 1976 beïnvloed het.

HOOFASPEKTE

Kandidate behoort die volgende aspekte in hulle antwoord in te sluit:

- Inleiding: Kandidate moet die filosofie van Swart Bewussyn verduidelik en aandui hoe swart Suid-Afrikaanse leerlinge geïnspireer is om te veg vir hulle vryheid .

UITBREIDING

- Redes vir Swart Bewussyn en die rol van Steve Biko
- Steve Biko raak aktief betrokke by aktiwiteite van NUSAS
- Biko was oortuig daarvan dat swart studente hulle eie organisasie nodig gehad het waar hulle vir hulleself kon praat in plaas daarvan om op wittes te steun
- Biko skets planne vir die 'South African Students Organization' (SASO)
- SASO word 'n suksesvolle organisasie in 1968
- Die begrip Swart Bewussyn het spesiale aantrekkingskrag vir die jeug gehad want dit het hulle geïnspireer om teen wit oorheersing te veg
- Swak kwaliteit van Bantoe-onderwys bv. ongelyke regeringsuitgawe, swak kwaliteit van skoolgeboue, tekort aan klaskamers en oorvol klaskamers
- SASO begin om hoërskoolleerlinge te beïnvloed
- Die Suid-Afrikaanse Studentebeweging (SASM) is gestig deur jong aktiviste
- Leerlinge is blootgestel aan die idees van Swart Bewussyn en mobiliseer hulle om te veg vir hulle regte
- In 1975 het die Minister van Onderwys 'n beleid ingestel wat Afrikaans verpligtend gemaak het as medium van onderrig
- Swart jeug is beïnvloed deur die filosofie van Swart Bewussyn (swart waardigheid en selfrespek/swak lewensomstandighede, stygende werkloosheid onder ouers afbrekende armoede het die jeug militant laat optree)
- Die saak oor Afrikaans was die finale vonk wat gelei het tot die Soweto-opstande
- Op 16 Junie 1976 is leerlinge teen die apartheidsregering gemobiliseer
- 'n Belangrike keerpunt teen die apartheidsregering is bereik
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hulle argument saamvat met 'n relevante slot.

(30)

**Gebruik die matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om hierdie skryfwerk te assesseer.**

4.7.2 *[Sintetiseer inligting om 'n oorspronklike argument te konstrueer deur gebruik te maak van inligting uit die bronne en jou eie kennis om jou antwoord te ondersteun - V2 – LU1 (AS 3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS

Kandidate moet die standpunt analiseer en uitbrei oor die aksies van die ongeduldige, radikale, militante, brawe en trotse jeug. Kandidate kan of saamstem of nie saamstem met die standpunt nie. As hulle nie saamstem met die standpunt nie, moet hulle, hulle antwoord met relevante antwoorde ondersteun.

HOOFASPEKTE

Kandidate behoort die volgende aspekte in hulle antwoord in te sluit:

- Inleiding: Kandidate moet die stelling assesseer en aandui hoe hulle die standpunt gaan ondersteun.

UITBREIDING

**Kandidate moet die volgende punte insluit wanneer hulle met die standpunt saamstem:**

- Kort agtergrond – redes vir Swart Bewussyn
- Invloed van Swart Bewussyn op leerlinge
- Leerlinge ontevrede met die passiewe ouer generasie
- Swart Suid-Afrikaanse leerlinge word meer militant
- Leerlinge onderneem boikotte van eksamens en klasse
- SASO begin om hoërskoolleerlinge te beïnvloed
- Die Suid-Afrikaanse Studentebeweging (SASM) is gestig om leerlinge te mobiliseer
- Die saak oor Afrikaans word die finale vonk wat lei tot landswye proteste
- Leerlinge veg vir hulle regte en mobiliseer hulleself effektief
- Op 16 Junie 1976 het duisende leerlinge deur die strate van Soweto gemarsjeer en protesteer teen Bantoe Onderwys
- Die gewapende polisie en soldate het ongewapende leerlinge aangeval
- Hierdie konfrontasie lei tot die uitbreek van geweld – die eerste slagoffer was Hector Pieterson
- Dit was 'n keerpunt in die geskiedenis van Suid-Afrika
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hulle argument saamvat met 'n relevante slot.

(30)
**[75]**

**As kandidate nie saamstem met die standpunt nie moet hulle, hulle argument met relevante bewyse ondersteun.**

**Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om hierdie skryfwerk te assesseer.**

**TOTAAL: 150**